Hoërskool Parel Vallei is ’n nasionale finalis van die ATKV-Tienertoneelkompetisie

Hoërskool Parel Vallei van Somerset-Wes sal tydens die Clover Aardklop Nasionale Kunstefees meeding om die gesogte prys van R30 000 en die ATKV-Tienertoneelwisseltrofee te ontvang. Die ATKV-Tienertoneelkompetisie word vanjaar vir die vyftigste keer aangebied.

Hoërskool Parel Vallei se *WolkKop* is geskryf en geregisseer deur Marí Borstlap. *WolkKop* dien as ’n kritiese ondersoek na die absurde aard en doel van ons bestaan as mens. Deur teater as kunsvorm in te span as ’n metafoor vir die lewe, is die doel voor oë in *WolkKop* om vreesloos die raaiselagtige, verwarrende en gereeld brutale aspekte en vrese in ons lewens te konfronteer.

Alex, Trix en Max is drie mense/gekke/teaterlui/illusies … om eerlik te wees – wie hulle is, is nie naastenby so belangrik soos dít waaroor hulle dink en wat hulle ervaar nie … Die toneelstuk is belaai met interteks, avontuur, groot vrae en baie twyfel! Hou dus maar solank jou hart vas, want die lewe is toe *after all* nie net *fun and games* nie ...

Gerrit Schoonhoven (deel van die *Binnelanders*-regiespan), beoordelaar se kommentaar: “Briljante spel en regie. Hipnotiserend om na te kyk.”
Ilse Oppelt, beoordelaar se kommentaar: “Eksistensiële, intellektuele, post-modernistiese teater van ’n ander planeet. FE-NO-MI-NAAL!!!”

Ben Albertyn en Jane de Wet, twee van die spelers, is in 2012 as die mees belowendste spelers tydens die finaal aangewys vir hul rolle in *Die Oop Geheim*.

In 1965 het die ATKV-Tienertoneelkompetisie begin met 22 toneelgroepe uit die ou Transvaal. Vandag, 50 jaar later neem hoërskole van regoor die land deel en met 185 toneelstukke is dié gesogte kompetisie strawwer as ooit. Hier is maar ’n paar gróót name wat hul talente geslyp het op die ATKV-Tienertoneelverhoog: Anél Alexander, Anneke Weideman, Anton Treurnich, Cintaine Schutte, Christo Davids, Francois Toerien, Jacques Bessenger, Jak de Priester, Johann Nel, John-Henry Opperman, Lindie van Eeden, Neels van Jaarsveld, Patrick Shabangu, Pedro Kruger, Quintin Wils, Roeline Daneel, Viljé Maritz …

Die tien toneelstukke wat sal meeding tydens die ATKV-Tienertoneelfinaal is:
1. Helpmekaar Kollege met ***ROOI***
2. Hoërskool Jan van Riebeeck met ***Na ’n ander aarde***
3. Hoërskool Louis Trichardt met ***Harnas***
4. Hoërskool Noordheuwel met ***Hartskelder***
5. Hoërskool Parel Vallei met ***WolkKop***
6. Hoërskool Upington met ***Kringloop***
7. Hoërskool Zwartkop met ***Die Joiner***
8. Potchefstroom Gimnasium met ***Verspeelde Tyd***
9. Schoonspruit Sekondêre Skool met ***Nog nie vry nie***
10. Schoonspruit Sekondêre Skool met ***Ons Kleine Dorpie***

Die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging MSW-registrasienommer 1962/005157/08 NWO-nommer 001-260
ATKV-gebou, Surreylaan 348, Randburg; Posbus 4586, Randburg 2125
Tel.: 011 919 9000 Faks: 011 919 0220
Webwerf: http://www.atkv.org.za E-posadres: atkv@atkv.org.za

Direkteure: mnr. A Redelinghuis (voorsitter) adv. TJ Kruger (visevoorsitter) mnr. JD Gouws* (besturende direkteur) mnr. H Bailey mnr. H Bekker* mnr. SW Cilliers* ds. DH de Wet me. DLT Dondur prof. HR Hay mnr. JP Landman me. B Mathews mnr. F Naude mnr. EA Potgieter dr. DJ Titus* mnr. CO van der Rheede
maatskappysekretaris: me. DS Brits (*uitvoerend)

Soos reeds vermeld, kry die wenner R30 000. Die naaswenner ontvang R20 000 die groep in die derde plek, ontvang R10 000. Die Hoër Meisieskool Bloemhof is verlede jaar aangewys as die wenner met ***Sneeuwitjie en die Sewe Zombies*** (met teks en regie deur Christiaan Olwagen en André Gerber).

Die ATKV se droom vir dié kompetisie is om ’n liefde vir Afrikaanse toneelspel en -kyk by hoërskoolleerders te kweek sodat leerders hul kreatiwiteit en talente daardeur kan ontgin en ontwikkel.

Die beoordelaars tydens die finaal is Antoinette Louw, Gerrit Schoonhoven, Ira Blanckenberg, Johny Klein, Pedro Kruger, Shirley Ellis en Tina Kruger.

Die finaal vind plaas tydens die Clover Aardklop Nasionale Kunstefees van 7 tot 11 Oktober by die Hoër Tegniese Skool Potchefstroom. Kaartjies is beskikbaar by Computicket.

Kontak gerus vir Lizané Basson by 011 919 9078 of e-pos lizaneb@atkv.org.za vir meer besonderhede.

Direkteure: mnr. A Redelinghuis (voorsitter) adv. TJ Kruger (visevoorsitter) mnr. JD Gouws* (besturende direkteur) mnr. H Bailey mnr. H Bekker*
mnr. SW Cilliers* ds. DH de Wet me. DLT Dondur prof. HR Hay mnr. JP Landman me. B Mathews mnr. F Naude
mnr. EA Potgieter dr. DJ Titus* mnr. CO van der Rheede
maatskappysekretaris: me. DS Brits (*uitvoerend)